

22 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 18:1-14

Fokusgedeelte: Matteus 18:1-4

Wie is die belangrikste in die koninkryk?

Met die dissipels se vraag: “Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?”, was hulle besig met die verkeerde opvatting dat Jesus as Koning gekom het om ’n aardse ryk vir sy volk te kom oprig. En hulle was bekommerd oor hulle posisies in die koninkryk meer as wat dit om die eer van Christus gegaan het, Hy wat kom ly en sterf het om sy koninkryk op te rig.

En daarom is Jesus se antwoord op die vraag verrassend. Hy antwoord nie direk nie. Hy roep eers ’n kind na Hom en laat dié in hulle midde staan. Wat sou ’n kind nou met die koninkryk van die hemel te doen hê? Die kind wat Jesus nadergeroep het was ’n klein kindjie, ’n kleuter. En as Jesus dan sê: “Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie”, verwys Hy na die algemene kenmerk van gemiddelde klein kinders. Hulle leef volkome afhanklik van hulle ouers en in onbepaalde oorgawe en vertroue. Die dissipels moes geen aansprake maak nie, maar uit genade leef. In die koninkryk van die hemel is geen plek vir dié wat hulle reg soek, vir dié wat wil verdien en loon soek nie. Nee, die dissipels moes volkome nederig, afhanklik van God leef.

In die koninkryk van die hemel is ander waardes van toepassing as op aarde. Daar is nie die eerste groot nie, maar die laaste, geringste en nederigste. Daar is die grootste nie hy wat deur almal gedien word nie, maar hy wat almal se dienaar is na die voorbeeld van Christus. Hy het gekom om te dien, om te sterf en te verlos.

Hoe lyk ons diens aan God en ons medegelowiges? Is dit nederige diens, volkome afhanklik van God waar Hy bo alles eer ontvang en ons ons naaste se belange dien? Is dit dankbare diens vir Christus se verlossing en volkomke vertroue op Hom? Is u so deur God se genade en die Gees se werking in u, gereed vir die Koninkryk?

Sing: Skrifberyming 16-1:2, 6, 7

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)